

Schalk se Skattejag



Deur Ismi van Niekerk

Schalk se Skattejag

Schalk sit pens-en-pootjies in die modder en speel. Hy geniet dit so om die modder deur sy vingers te druk en te sien hoe dit soos slap pap deurval – dit maak ook sulke aardige geluide hoe vinniger hy sy vingers toeknyp, "Slurrrp, slarrp!" Schalk maak vormpies en laat dit in die son droog word. Terwyl hy nog so met sy geel plastiekgrafie in die modder skep, kom hy af op iets hard en plat wat onder die modder begrawe is. Hy graawe versigtig om die voorwerp en wikkel `n vierkantige blikkie los. Schalk bekyk die blikkie van alle kante en skud dit liggies. Hy spring vinnig op en hardloop na die tuinkraan toe om sy hande en die blikkie mooi skoon te was.

Schalk droog die blikkie so effens af met die onderpunt van sy hemp en kan nie wag om te sien wat binne-in is nie. "Wat kan dit wees?" dink hy terwyl hy die knippie oopmaak. Groot is sy verbasing om `n briefie in `n koevert in die blikkie te kry. Hy vou die koevert versigtig oop en begin die briefie lees:

Die persoon wat hierdie leidrade volg, sal iets baie spesiaal vind.

"Dis `n skattejag..." fluister Schalk opgewonde vir homself.

Hy lees verder:

Los die raaisels op om jou te lei na die skat. Jou volgende leidraad is weggesteek in iets wat baie hoog kan word, bruin is aan die onderkant, en groen aan die bokant. Is dit `n klip, `n boom, of `n kar?

Schalk dink, "Dis maklik. Dis mos `n boom," en hardloop na die groot eikeboom in hul tuin. Hy kyk eers goed rond onder die boom en begin toe om hoër op te klim om in die takke te begin soek. Sommer so in die mik van die boom, in `n ou voëlnessie, kry hy `n groen materiaal-sakkie. Hy weet nie of hy hom net verbeel nie, maar hy is seker hy het al so groen sakkie in sy ma se handsak gesien. Hy trek liggies aan die toutjies wat om die sakkie geknoop is en haal nog `n briefie uit.

Daar staan geskrywe:

Om die huis is iets swart wat gemaak is van plastiek en rubber. Dit het `n deksel wat jy moet oplik om goed daarin te gooi."

Dit kan net die asblik wees," sê Schalk en gril so bietjie.

"Sies, asblikke het vuilgoed in en ruik soms baie sleg."

Nogtans draf hy na die asblik toe wat langs die huis staan. Tot sy verbasing staan daar `n klein swart asblikkie langs die grote. Hy lig die deksel stadig met sy groottoon op en sien dit is silwerskoon. Al wat aan die binnekant is, is `n klein, reghoekige houtkissie. Hy is seker hy het al so `n kisse langs Mamma se bedkassie gesien.

Hy haal `n briefie uit die kisse en lees:
lewers op `n plek waar jy slaap, sal jy die volgende leidraad kry.

“Dit kan net onder my bed wees,” dink Schalk hardop. Hy vee sy voete af aan die voordeurmatjie en hardloop na sy kamer toe. Hy loer eers of daar nie iets soos `n monster onder die bed is nie. Een wat sy enkels wil gryp. Gelukkig is dit net `n paar van sy speelgoed wat onder die bed ingeskop is. Soms in die aande dink hy daar is iets onder sy bed, maar in die dag weet hy dis net sy verbeelding. Hy loer in al die tasse en houers onder sy bed, maar kry niks behalwe speelgoed nie.

Hy voel-voel met sy hande oor die mat en agter die bed se pote. `n Koue rilling gly teen Schalk se rug af. Hy vat aan iets wat baie koud en grillerig voel.

“Is dit `n monster se koue tone? Nee! Daar is nie monsters onder my bed nie!” praat hy homself moed in en trek die voorwerp onder die bed uit. Verlig sien hy dis `n beursie wat gemaak is van iets soos rubber of `n snaakse sagte plastiek. Nou is hy seker hy het hierdie beursie al in Pappa se kas gesien. “Mamma en Pappa is agter al hierdie snaaksighede,” lag Schalk en maak die beursie vinnig oop. Sowaar, dit wat hy daar binne-in sien, is baie spesiaal.

Wil jy weet wat Schalk in die beursie gesien het? Onthou, dis iets wat baie spesiaal is. Maak self die beursie hier langsaan oop om te sien waarna die skattejag gelei het.

(Kind maak beursie oop en sien hom/haarself in klein spieëltjie)

“Ja, dis `n spieëltjie, maar wat sien jy? Dis jy! Jy is die spesiale skat, want jy is spesiaal.

(Aan die binnekant van die agterste buiteblad van die boek, is `n beursie geplak van `n nie-toksiese material met twee drukknopies. Wanneer die kind dit oopmaak, vou dit oop soos `n blom en kan mens jousef sien in `n ronde spieëltjie wat vasgewerk is in `n sagte material. Dit kan nie uit die sakkie uitkom nie en kan nie die kind beskadig nie)